

10 November

Skrifgedeelte: Johannes 19:17-37

Die Koning sterf vir ons

Wat hier vertel word, is die sentrale gebeurtenis in die Christen se geloof. Paulus beskryf dat hy niks anders wou preek nie as Jesus Christus en Hom as die gekruisigde (1 Kor 2:2). Kruisiging was die wreedste manier om die doodstraf toe te pas. Dit was 'n uitgerekte lyding. Dit is verskriklik dat Jesus, die Onskuldige, dit alles vir ons moes deurgaen. Maar tog doen Hy dit koninklik: Die opskrif bo-aan die kruis beskryf sy Koning-wees, hoewel die Joodse omstanders dit nie so wou hê nie. Hierdie opskrif moes die aanklag teen die gekruisigde beskryf. Nou word dit 'n getuienis oor Jesus. Die Johannes-beskrywing van hierdie gebeure beklemtoon hoe die Skrif vervul is toe Jesus gekruisig is. Dit wat God in die Ou Testament beloof het, word hier vervul. Die Here, laat as Koning, in al hierdie gebeure sy koninklike wil geskied. Jesus sorg ook vir sy moeder, Maria. Dit is koninklike liefdesversorging, selfs in sy doodsoomblikke. Alles wat hier beskryf word, is uiteindelik daarop gerig dat ons sal glo (vers 35). Hy is ons enigste Koning en Hoëpriester. Hy het waarlik gesterf en dit vir ons wat in Hom glo. Dat Hy waarlik gesterf het, word bewys deur die bloed en water wat uit die spieswond gekom het. Daar is geen twyfel nie. Johannes as ooggetuie bevestig dit vir ons. Aanvaar opnuut in verwondering die wonder van God se genade dat Jesus Christus dit alles vir jou gedoen het. Die Paaslam bring vir jou hierdie eenmalige offer. Jy is verlos van jou sonde en gered van die dood.

Sing: Skrifberyming 8:2

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)